HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 85 van 2026**

24 Julie 2026

Geagte Hokkie-ouers/voogde

Die Noord-Vaal-toernooi is om die draai en ons nooi al ons hokkie-ouers uit om aan ons Noord-Vaal-puntevoorspelling deel te neem!

Voorspel die uitslae van jou gekose span(ne) se wedstryde gedurende die toernooi en kyk of jy bo-aan die puntelys kan eindig. Dit is 'n prettige manier om die spanne te ondersteun én terselfdertyd 'n verskil vir Randburg Hokkie te maak.

**Inskrywingsfooie:**

- R250 – Voorspel die uitslae van een span gedurende die Noord-Vaal-toernooi.
- R1000 - Voorspel die uitslae van al Hoërskool Randburg se spanne wat aan die Noord-Vaal-toernooi deelneem.

**Betaling:**

Betaal die inskrywingsfooi by Hoërskool Randburg in.

Bankbesonderhede is soos volg:

**ABSA BANK**

| | |
|---|---|
| **Rekeninghouer:** | **Hoërskool Randburg** |
| **Rekeningnommer:** | **170 680 065** |
| **Takkode:** | **632005** |
| **Verwysing:** | **HFonds, Leerderkode, Naam (bv. HFonds,12345,Jannie)** |

**Waarom vra ons 'n inskrywingsfooi?**

Alle fondse wat ingesamel word, sal gebruik word om ons buite-seisoen hokkieprogram te ondersteun. Hierdie fondse help ons om kwaliteit afrigting, vaardigheidsontwikkeling en voorbereiding vir die volgende seisoen voort te sit.

**Hoe werk dit?**

- Voorspel die eindtelling van elke wedstryd van jou gekose span(ne) gedurende die Noord-Vaal-toernooi.
- Voorspellings moet voor die afsnytyd ingedien word.
- Punte word volgens die akkuraatheid van jou voorspelling toegeken.
- Die puntelys sal deur die verloop van die toernooi gereeld opgedateer word.

**Belangrike datums**

- Inskrywings sluit 29 Julie om 10:00
- Kompetisie begin 29 Julie om 14:00

**Pryse**

- Wenner van elke span se kompetisie - prys ter waarde van R500
- Algehele wenner - prys ter waarde van R1 000

Kom wys jou hokkiekennis, ondersteun ons spelers en help ons om die toekoms van Randburg Hokkie verder te bou.

Sterkte aan al ons spelers én voorspellers!

Vriendelike Randjiegroete

JH Horn
Hokkie-organiseerder

P Booysen
Skoolhoof